23.06.80

OPTREDE DEUR

(b) ITEM 10 : VERHOUDINGS MET TRANSKEI

Minister Heunis sê dat hy tydens 'n besoek aan die kiesafdelings in die Oostelike Provinsie die indruk gekry het dat die boere wat op die grens van die Transkei boer en tot 50% van hul oeste as gevolg van diefstal verloor, gereed is om die diewe te skiet.

Die saak word bespreek ook met verwysing na die Lesotho- en ander grense. Dubbel heinings word as 'n moontlike oplossing genoem maar die noodsaaklikheid van die patrollering daarvan is 'n probleem as gevolg van die tekort aan mannekrag.

Minister Le Grange wys op die ander sy van die saak en sê dat baie van die boere se klagtes nie meriete het nie aangesien groot gronde onbewoond lê, vee nie gereeld getel word nie, ens. Hy wys ook op die goeie samewerking met die polisie van Lesotho, wat baie verbeter het, en met Bophuthatswana en Venda waar daar nie groot grensprobleme is nie.

Die situasie in die Oostelike Provinsie is egter sorgwekkend aangesien die boere moontlik veediewe uit Transkei kan skiet en die Staatsveiligheidsraad besluit dat die saak 'n item op die agenda van 'n spitsberaad met Transkei moet wees. MINISTER R F BOTHA

4. AGENDA-ITEM 3 : BINNELANDSE SITUASIE

Minister S P Botha lig die Staatsveiligheidsraad in omtrent die ar=beidsituasie. Hy is van mening dat, met uitsondering van die Port Elizabeth/Uitenhage-area, daar nie groot probleme is nie. Hy het egter 'n span aan die werk om 'n strategie uit te werk hoe om die vakbondwese te hanteer.

Die Staatsveiligheidsraad besluit dat die Werkkomitee en die Sek=retariaat ook hierby betrek moet word sodat riglyne vir goed=keuring deur die Staatsveiligheidsraad voorberei kan word en minister Botha word versoek om in hierdie verband met die Sekretaris te skakel. MINISTER S P BOTHA DIE SEKRE=TARIS

Minister Heunis sê dat sielkundige aksie soos vlugskrifte onder die stakers in die motorbedryf in die Oos-Kaap dringend nodig is aan=gesien die groot maatskappye dreig om te meganiseer.

Minister Botha deel mee dat die Direkteur-generaal van Mannekrag=benutting juis tans in Port Elizabeth is en die Voorsitter versoek dat die Sielkundige Aksiekomitee met hom moet skakel. DR FOURIE DIE SEKRE=TARIS

5. SUIDWES-AFRIKA : OPERASIE IN ANGOLA

Genl Malan gee besonderhede van operasie "Smokescreen" van 10 Junie 1980 teen SWAPO in Angola, en die 300 ton krygstuig wat gebuit is. Hy deel ook mee dat hy die geleentheid gehad het tydens die same=sprekings vantevore op Sal-eiland om die Angolese te verseker dat sulke operasies nie teen die MPLA gemik is nie, en die MPLA is ook bedank dat hulle nie ingemeng het nie.

OPTREDE DEUR

AGENDA-ITEM 4 : ZIMBABWE

Die dokument onder die opskrif "SVR-riglyne vir die formulering van 'n totale strategie vir Zimbabwe in die lig van die Mugabe-bewindsoorname" wat op 19 Junie 1980 aan alle lede van die Staatsveiligheidsraad gestuur is, word aan die orde gestel en be=spreek.

Die Staatsveiligheidsraad aanvaar die dokument en besluit dat opsie 2, aangevul met opsie 3, onmiddellik toegepas moet word. — ALMAL

Voortspruitend hieruit word besluit -

(a) dat mnr Piet van Vuuren, die geakkrediteerde diplomatieke verteenwoordiger, wat tans in die RSA is, na Salisbury ge=stuur word om, na aanleiding van die beweerde verklaring dat mnr Mugabe diplomatieke betrekkinge met Suid-Afrika wil verbreek, met hom te gaan praat binne die goedgekeurde riglyne en ook te verneem wat sy houding werklik is ten opsigte van diplomatieke betrekkinge; — MINISTER R F BOTHA

(b) dat Suid-Afrikaanse hulp, soos die voorsiening van lokomo=tiewe en trokke, wat meewerk tot die stabilisering van Zimbabwe, geleidelik verminder word; — ALMAL MINISTER HEUNIS DR LOUBSER

gradually contributes

(c) dat, indien Nederland sou oorgaan om die dreigende olie=boikot werklik teen die RSA toe te pas, oorweging daaraan geskenk word om die voorsiening van olieprodukte aan Zimbabwe te verminder of af te sny, en dat dit aan mnr Mugabe meegedeel word; — MINISTER R F BOTHA DR FOURIE

(d) dat, oor die algemeen, meer druk op Zimbabwe en mnr Mugabe uitgeoefen word (skroewe moet aangedraai word); en — ALMAL

(e) dat baie versigtig te werk gegaan word om te voorkom dat die skuld vir wat in Zimbabwe verkeerd gaan op die RSA gepak word: mnr Mugabe moet self die skuld dra. — ALMAL

Na aanleiding van die bespreking van Zimbabwe, sê minister Heunis dat mnr Mugabe se gesagsoorname in Zimbabwe die RSA se Swart en Bruin mense ongetwyfeld meer militant gemaak het en dat dit goed sal wees as hulle beter ingelig kan word oor hoe dit werklik gaan in die onafhanklike state ten noorde van die RSA. Daar kan by=voorbeeld pamflette oor die ondervindinge van Angola-vlugtelinge versprei word.

In hierdie verband meld die Voorsitter dat die leiers van die Kleurlinggemeenskap wat hom die vorige week kom sien het (kyk item 3(a)) hom meegedeel het dat televisie 'n geweldige effek op die Kleurlinge het, en vermoedelik op die Indiërs ook. Die vraag ontstaan dus of dit nie gereël kan word dat nie-Blankes uit noorde=like state op televisie kan beskryf wat hulle ondervind het nie.

Minister Horwood bevestig dat hy van 'n vooraanstaande Kleurling verneem het hoe groot die invloed van televisie onder die Kleurlinge is en meld dat die persoon ook gevra het waarom SATV altyd op die verdediging is. As die televisie dadelik afgebrande Kleurling=

OPTREDE DEUR

enkels gewys het, sou die Bruin mense gesien het wat rewolusie vir hulle beteken.

Minister Le Grange waarsku dat in diepte hierna gekyk sal moet word. Polisie het televisie weggehou uit onlusgebiede want die vertoning daarvan wakker juis onluste aan.

Die Staatsveiligheidsraad besluit dat daarop ingegaan moet word hoe die toestande in die state ten noorde van die RSA aan die nie-Blanke bevolkingsgroepe bekend gemaak kan word, veral oor televisie. DIE SEKRE=TARIS

7. AGENDA-ITEM 5 : SACOS

Die Staatsveiligheidsraad neem kennis van die dokument getiteld "SVR-riglyne vir die formulering van 'n sielkundige aksie-strategie teen SACOS" wat deur die betrokke departemente en die Werkkomitee uitgeklaar is en as Bylaag 1 met die agenda aan Raadslede versprei is, en besluit dat daarmee voortgegaan kan word. DIE SEKRE=TARIS

8. AGENDA-ITEM 6 : STAATSOORLOGSBOEK

Die Voorsitter vestig die aandag op die inligtingstuk oor die Staats=oorlogsboek en Noodregulasies wat as Bylaag 2 met die agenda versprei is, en sê dat dit baie insiggewend is.

Minister Heunis wys daarop dat die slot van die dokument baie belang=rik is, dat daar op 'n voortdurende basis aandag aan die saak gegee moet word en dat 'n spesiale afdeling in die Sekretariaat oorhoofs moet toesien dat die beplanning voortgaan.

Die Sekretaris wys daarop dat die Staatsoorlogsboek en Noodregulasies lywige dokumente is waarvoor baie mense bang is en dat hul in departe=mente nie die aandag kry wat hul behoort te kry nie. Hy doen 'n beroep dat die nodige aandag binne departemente aan die boek en regulasies geskenk word aangesien hul beslis nog van toepassing is. Hy het reeds aan alle departementshoofde hieroor geskryf en deel verder mee dat hy hoop om binnekort 'n persoon op die Sekretariaat aan te stel wat vol=tyds die werk sal koördineer en monitor. ALMAL DIE SEKRE=TARIS

9. AGENDA-ITEM 7 : ALGEMEEN

(a) ONRUSSITUASIE

Die Voorsitter meld dat hy verneem dat 26 Junie 1980 moontlik ook 'n datum vir onrus kan wees.

Genl Geldenhuys lewer verslag oor die huidige onrussituasie en sê dat die hele land stil is. In die Oos-Kaap is daar agt taamlike groot stakings maar alles is onder beheer. Die dodetal in die onlangse onluste is 32. Wat 25/26 Junie 1980 (herdenkingsdae van die "Freedom Charter") betref, verwag hy niks ernstigs nie, miskien sabotasie, maar die Polisie is voorbereid. Verder gee hy enkele besonderhede van persone wat in aanhouding is.